# BELYDENISAFLEGGING 2020 – LUX MUNDI

Baie geluk met jou besluit om **Belydenis van Geloof** af te lê in 2020.

Die proses verloop as volg:

1. Vul die **aansoekvorm** in. Kies een van die moontlike Belydenisaflegging datums:
    - 15 Maart 2020
    - 17 Mei 2020
    - 18 Oktober 2020

    ***Let wel: As jy kies om by Lux Mundi belydenis af te lê, word jy 'n Lux Mundi lidmaat. Indien jy tans saam met jou ouers by 'n ander gemeente 'n lidmaat is, kan jy by daardie gemeente aansoek doen om Belydenis af te lê. Indien jy voortgaan met die proses hier, skuif jou lidmaatskap na Lux Mundi.***

2. **Handig die vorm in** by een van die volgende plekke:
    - jeug@luxmundi.org.za (beste opsie)
    - Sebastiaan van Dyk
    - Inligtingstoonbank (sondae oggende)
    - Kerkkantoor (8:00-13:00 gedurende die week)

3. Claudie sal julle per e-pos kontak en ontvangs van die vorm erken. **Indien jy nie 'n e-pos ontvang nie, is ons nie bewus van jou nie.**

4. Elke tiener sien Sebastiaan vir 'n **uurlange, individuele onderhoud** in sy kantoor. Die tydsgleuwe vir die onderhoude word streng "first come, first serve" hanteer. Claudie sal julle kontak met die besonderhede rondom die individuele onderhoud ongeveer 2 weke voor die onderhoude plaasvind.
    - Eerste geleentheid: 3, 4 of 5 Maart 2020
    - Tweede geleentheid: 28, 29 of 30 April 2020
    - Derde geleentheid: 6 of 7 Oktober 2020

5. Na afloop van die Belydenis, gee die gasvryheidsbediening 'n **Belydenistee** om geluk te sê. Na afloop van die individuele onderhoude gaan daar 'n e-pos uit met detail rondom die tee, eetgoed en om getalle te bevestig.

6. Die **groepsonderhoud** vind plaas die Donderdag voor die Belydenisaflegging in die Bo-saal.
    - Eerste geleentheid: 12 Maart 2020
    - Tweede geleentheid: 7 Mei 2020
    - Derde geleentheid: 15 Oktober 2020

7. Die **Belydenisaflegging** vind plaas om 9:00 by die oggenddiens in die Gemeentesentrum op die gekose datum.

Kontak asseblief Claudie by jeug@luxmundi.org.za met enige navrae.

Groete,
Sebastiaan van Dyk.

# BELYDENISAFLEGGING AANSOEKVORM – LUX MUNDI

| PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN KIND | | | |
|---|---|---|---|
| VAN | | GEBOORTEDATUM | |
| NOEMNAAM | | | |
| DOOPNAME | | | |
| WOONADRES | | | |
| KONTAK | E-pos: | Sel: | |
| BELYDENIS PROSES OOR 2 JAAR | BESKRYWING | | |
| CREWGROEPLEIER | | | |
| 80% BYWONING IN CREWGROEP | | | |
| 1 X GROOT UITREIK | | | |
| 4 X DAG UITREIK | | | |
| BELYDENISKAMP | | | |

| OUERS SE BESONDERHEDE | | | |
|---|---|---|---|
| PA SE NOEMNAAM | | Sel: | |
| E-POS | | W: | |
| MA SE NOEMNAAM | | Sel: | |
| E-POS | | W: | |
| HUWELIKSTATUS | 1ste Huwelik ☐ | Geskei ☐ | Weer getroud ☐ / Weduwee Wewenaar ☐ |

| BELYDENISAFLEGGING DIENS IN 2020 (Merk asseblief) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **15 Maart om 9:00** | ☐ | **17 Mei om 9:00** | ☐ | **18 Oktober om 9:00** | ☐ |

| DOOP BESONDERHEDE VAN KIND | |
|---|---|
| DATUM VAN DOOP | |
| GEMEENTE WAAR GEDOOP IS | |
| GEMEENTE WAAR DOOPBEWYS AANGEVRA MOET WORD | |

***As u kind in 'n NG Kerk gedoop is, sal die kerkkantoor u bystaan in die aanvra van die doopbewys. As u kind in 'n ander kerkverband (nie NG Kerk nie) gedoop is, is dit u as ouer se verantwoordelikheid om die doopbewys by daardie gemeente aan te vra.***

***Indien u kind se doopbewys nie by ons kerkkantoor is voor daar aansoek gedoen word vir belydenisaflegging nie, kan die aansoek om belydenisaflegging nie toegestaan word nie.***

***Ons sien uit om saam met julle hierdie nuwe fase van die kind se geloofslewe in te stap.***